Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

AFRIKAANS HUISTAAL V2

PUNTE: **80**

TYD: **2½ uur**

AFRHL2

Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – VERPLIGTE vraag

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

   - Beantwoord **SLEGS** die vrae oor die roman **en** drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die literêre opstel in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die literêre opstel in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die literêre opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die literêre opstel vir die roman en drama is onderskeidelik 400–450 woorde.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

Kopiereg voorbehou

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**			
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1. Vroegherfs	Literêre opstel	10	6
2. Een sprong vir ...	Kontekstuele vraag	10	7
3. Die huis luister	Kontekstuele vraag	10	8
4. Last grave at Dimbaza	Kontekstuele vraag	10	9
EN **Ongesiene gedig: VERPLIGTEND**			
5. Om groot te word	Kontekstuele vraag	10	10
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag.***			
6. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Literêre opstel	25	11
7. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Kontekstuele vraag	25	11
8. *Manaka Plek van die Horings*	Literêre opstel	25	14
9. *Manaka Plek van die Horings*	Kontekstuele vraag	25	15
10. *Vatmaar*	Literêre opstel	25	17
11. *Vatmaar*	Kontekstuele vraag	25	17
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag.***			
12. *Krismis van Map Jacobs*	Literêre opstel	25	20
13. *Krismis van Map Jacobs*	Kontekstuele vraag	25	20
14. *Mis*	Literêre opstel	25	23
15. *Mis*	Kontekstuele vraag	25	24

***LET WEL:** Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

Kopiereg voorbehou

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy al die vereiste vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK (✓)
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1–4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5	1	
B: Roman (Literêre opstel of kontekstuele vraag)	6–11	1	
C: Drama (Literêre opstel of kontekstuele vraag)	12–15	1	
LET WEL: Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.			

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vraag wat volg.

Vroegherfs – N.P. van Wyk Louw

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en vér was van pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

[Uit: *Vier gebede by jaartye in die Boland*, 1937]

Drie prosesse in die natuur word in die oktaaf van hierdie gedig beskryf en dan word dit in die sestet op die mens van toepassing gemaak.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Een sprong vir ... – Joan Hambidge

Jy wil weet
waarom herstel ek nie –
want jy het my die maan,
sterre en uitspansel beloof.

Jy stuur my na die maan
en á la Neil Armstrong beweeg
ek in die lugdrukvrye atmosfeer,
karteer die kraters, die stil verwoesting
wat jy saai, plant ’n vlaggie van rekapitulasie
(dis verby, dis verby, dis ...) op die silw’rige planeet.

Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
wys my foto’s vir diegene wat wil sien,
neem stukkies maankors saam
en weet ná maande
die maan is hiér.

Jy wil weet
waarom vergeet ek nie –
omdat ek weet die maan
is beslis nie van kaas.

[Uit: *Kriptenomie*, 1989]

2.1 Waarna verwys die titel van die gedig? (1)

2.2 Gee die funksies van die ellips in die titel en die aandagstreep in versreël 2. (2)

2.3 Wat is die effek daarvan as die spreker selfs die *uitspansel* beloof is? Gee redes hoekom die spreker juis na só ’n belofte nie kan herstel nie. (2)

2.4 Wat is die funksie van die herhaling in die parentese in versreël 10? (1)

2.5 Hoe word ’n hegte eenheid in die gedig bewerkstellig? (1)

2.6 Wat sê die spreker eintlik met haar antwoord in die slotstrofe? Noem TWEE verbande wat jy glo tussen die bundeltitel en die spreker se besef in hierdie gedig gelê kan word. (3)

[10]

OF

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Die huis luister – Daniel Hugo

my kamers is hol soos ’n binne-oor
ek hoor hoe die bewoners roesemoes
liefde maak, verwyt, mekaar vertroos, skoor
soek met die goor hede, nooit tevrede
aanhou kibbel oor kon en sou en moes

luister, ek bewaar julle verlede
my fondamente kraak onder die las
my plafonne raak voos van die eggo’s
te veel vloeke laat my pleisterwerk bars
jare se trane laat my rame roes

so word ons saam verweer deur dit wat was
my dakplate en julle gebede
fluister en knal al hoe harder om hulp
ongehoord in elke nag se oorskulp

[Uit: *Dooiemansdeur*, 1991]

3.1 Wat is die rede vir die gebruik van personifikasie in die titel van die gedig? Gee ’n rede waarom *luister* hier beter as byvoorbeeld *hoor* is. (2)

3.2 Wat beteken *kibbel* in versreël 5? (1)

3.3 Waarom is die gebruik van die polisindeton in strofe 1 effektief? (1)

3.4 Wat is die funksie van die o-,v- en r-alliterasie in strofe 2? (1)

3.5 Gee die figuurlike betekenis van *knal* in versreël 13 en verklaar hoe dit aansluit by die spreker se aanklag op die moderne huisgesin. (2)

3.6 Tot watter slotsom kom die spreker in versreël 13–14? Gee ook die twee betekenismoontlikhede vir *ongehoord* in die laaste versreël van die gedig. (3)

[10]

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

"last grave at dimbaza" – Fanie Olivier

beauty douglas was born
op 'n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a 'n dogter oplaas 'n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om 'n vader te is te is

die ma het 'n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op 'n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in 'n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.
hy't sy brief gepos met sy viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

[Uit: *Skimmellig*, 1978]

4.1 Waar presies is Dimbaza geleë en watter rol het die Britte gespeel om dié klein dorpie bekend te maak? (2)

4.2 Haal DRIE voorbeelde van intertekstualiteit uit die gedig aan. (3)

4.3 Verklaar die figuurlike betekenis van versreël 16. (1)

4.4 Benoem en verklaar die beeldspraak in reël 20–21. (2)

4.5 Hoekom is die digter so spesifiek in die gegewe rondom die seël in versreël 25? (1)

4.6 Verklaar hoe die gebroke rym die stemming van hierdie gedig ondersteun. (1)

[10]

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 5.

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Om groot te word – Maryke Heyns

Om groot te word
is so tussenin.
Grootmensdinge is nog ver,
kinderdinge word min.

Kom ons lag weer vrolik
vir die maan se vet, geel gesig.
Kom ons bring die trane
oor ’n dooie voëltjie terug.
Kom ons eet weer slap-tjips
en lek ons vingers af.
Kom ons word weer kinders.
Kom ons word weer laf!

Nou huil ons in ’n kussing
en wonder waarom.
Nou raak ons verlief
en dink die wêreld glimlag krom.
Nou’s ons so tussenin, vals noot,
want: ons word groot.

[Uit: *Poort*, 1974]

5.1 Hoe versterk die titel van die gedig die idee dat grootword ’n proses is? (1)

5.2 Wat word ’n vierreëlige strofe (strofe 1) genoem? (1)

5.3 Motiveer waarom die tipografiese plasing van die woord *tussenin* in versreël 2 funksioneel is. (1)

5.4 Benoem die beeldspraak in versreël 6 en verklaar die betekenis van *vet, geel gesig*. (2)

5.5 Benoem die opdragwoord in strofe 2 en gee 'n rede hoekom die spreker hierdie opdragte uitdeel. (2)

5.6 Waarom word die tiener met 'n *vals noot* vergelyk? Gee redes waarom jy saamstem of verskil van dié beskrywing. (3)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: OPSTELVRAAG

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Die ruimtes in hierdie roman dra soms positief en soms negatief by tot Iris se begeerte om te blom.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur te evalueer hoe haar ouerhuis, die tuin van haar ouerhuis, Frankryk en New York, Vermont en ook haar werkruimte haar lewensbegeerte om te blom ondersteun. **[25]**

OF

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS A

"Jy's terug. Het ek lank geslaap?"
Ek het na my horlosie geloer. "Omtrent 'n uur. Sal ek vir jou vars tee maak?"
Hy het regop gesit en die deken soos 'n mantel oor sy skouers getrek. Die satynagtige stof en die goue kleur het dit nogal koninklik laat lyk. "Koffie, asseblief." Hy het na sy sigarette gesoek en een aangesteek.
"Hoekom wou jy vroeër tee hê en nou koffie?"
"Ek het nie van daardie man gehou nie." Hy het regop geskuif sodat hy met sy rug teen die muur kon sit. Ek kon sien hy word wakker, ordentlik wakker. "Het jy lekker geëet?"
"Ja."
"En met niemand gesels nie?"
Ek het stilgebly.
"Iris. Vertel die waarheid."
"Die man het eerste met my gepraat. Wat kon ek doen?"
"En wat wou hy hê? Het hy ook aangebied om jou beroemd te maak?"
"Nee. Hy't my vuurhoutjies gevat omdat hy dit versamel en toe het hy geloop."
Ek het op my eie bed gaan sit ná ek sy koffie vir hom gegee het. Hy het sy hand uitgehou na my.
"Kom sit hier langs my," het hy genooi.
"Liewers nie."
"Hoekom nie?"
"Jy weet wat sal gebeur."
Hy het geglimlag en ek moes my inhou of ek het oorgeduik in sy arms in.

26 "Nou ja?" het hy gesê.
27 "Ek dink ons moet mekaar net eers weer leer ken," het ek preuts gesê, wel
28 wetende dat ek nie lank sal uithou nie. Maar op daardie oomblik het die
29 telefoon gelui...

7.1 In watter spesifieke ruimte bevind Iris haar in hierdie gedeelte? (1)

7.2 Watter karaktertrek van Iris kom in reël 4–5 na vore? Van watter hulp en waarde is hierdie karaktertrek vir haar deur die loop van die roman? (2)

7.3 Wie is die man na wie Peter in reël 8 verwys? Skryf Iris se lewensfilosofie neer en motiveer hoe dié man se optrede hierdie lewensfilosofie ondersteun. (3)

7.4 Waarom is die verteller in reël 13 funksioneel? (1)

7.5 Watter gevoel word deur Peter se dialoog in reël 16 weergegee? Gee 'n regverdigbare rede hoekom Peter so met Iris sou kon praat. (2)

7.6 Is Iris se opmerking in reël 27 dat sy en Peter mekaar nie meer goed ken nie, geregverdig? Motiveer jou antwoord. Gee ook bewyse uit die roman dat Iris en Peter se verhouding tot dusver baie oppervlakkig was. (3)

7.7 Wat beteken *deus ex machina*? Verklaar hoekom die lui van die telefoon in reël 28–29 as 'n *deus ex machina* tussen Peter en Iris beskou kan word. (2)

7.8 Die telefoongesprek wat na hierdie gedeelte volg, het oor die aflewering van 'n kabelgram gehandel. Wat was die inhoud van hierdie kabelgram? (1)

EN

TEKS B

1 Ek het maar gaan slaap. Toe ek die lig afskakel, het ek die Engel op die
2 vensterbank sien sit, sy gesig na die tuin gedraai.
3 "Jy het weer drooggemaak," het ek verwyt. "Waar was jy toe jy 'n oog oor
4 die man moes hou?"
5 "Dis sy lewe."
6 "Jy kan maklik praat. Jy is vry van aardse drange. Sover ek weet."
7 Hy het waardig geswyg.
8 "En ons is swak. Ek wens ek was jy, verby hierdie aardse geploeter."
9 "Jy sal ook eendag soos ek word."
10 "Dink jy so?" Dit was 'n fassinerende gedagte. Sou ek ook op mense se
11 vensterbanke rondsit en advies aanbied of weier? Sou ek ook saam met my
12 toegewysde persoon in vliegtuie vlieg, in vreemde wêreldstede rondloop
13 sonder om eers my roksoom vuil te maak? "Maar jy is nie altyd by my nie," het
14 ek hom herinner. "Ek hoop ten minste nie so nie. Dit sou pervers wees as jy
15 altyd op my vensterbank na my sit en loer." 'n Ander gedagte het my getref.
16 "Dink jy ek blom dalk eers ná ek dood is? Gaan my bloeityd eers kom as ek my
17 sigbaarheid verloor het?"
18 "Party mense blom ongesiens," het hy gesê. "So onverwags dat niemand dit
19 eers opmerk nie."

20	"Soos Ma se lelie."
21	"Iets in dier voege, ja."
22	Net Polder Twee het opgetree soos hy moes. Sy lewe het jaar na jaar
23	onveranderd voortgegaan. Hy het nie skielik kleintjies gekry of 'n dramatiese
24	persoonlikheidsverandering ondergaan nie.

7.9 Watter soort konflik kom in reël 3–4 voor en wie is die man na wie Iris verwys? (2)

7.10 Herlees reël 13 van Teks A.

Watter ooreenkoms is daar tussen Iris se handeling in Teks A en dié van die Engel in Teks B? (1)

7.11 Reël 16–21 raak die hooftema van hierdie roman aan. Dink jy die tema van die roman is universeel-geldend? Motiveer jou antwoord. Watter belangrike lesse het jy uit hierdie roman geleer? (3)

7.12 Reël 22–24 raak die aspek van verandering aan. Noem die ironiese wending wat Iris, haar ma en haar twee susters se karakters in hierdie roman neem. (4)

[25]

OF

VRAAG 8: OPSTELVRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Die verhouding tussen die mens en die natuur is 'n belangrike aspek wat deurgaans in hierdie roman uitgelig word.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur Baas se respek vir die natuur en sy liefde vir sy honde onder die soeklig te neem. **[25]**

OF

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS A

Laatmiddag kry Baas die bougainvilleabos waarvan Mark gepraat het, veertig kilometer van Sioma af teen die hang van die ysterkliprant. Dis 'n dik stomp. Daar is geen teken van lewe in die uitgedroogde takke nie. Langs die verwronge stam hang 'n stuk sinkplaat met die woorde *Manaka Evangelical Mission* netjies daarop geverf.

Hy vleg tussen groot rotsblokke in die ongebruikte paadjie teen die bult af, rivier se kant toe. Op 'n gelykte, net onderkant die eerste skuinste, staan enkele witgekalkte steengeboutjies tussen yl kanniedoodbome, 'n knoppiesdoring en 'n sukkelende jong worsboompie. Die harde rantjiesveld is besaai met ronde ysterklippe. Party van die geboue se dakbalke het geknak en die sinkplate het meegegee. Net een van die deure lyk nog bruikbaar. Die vensterrame staan sonder ruite.

Op die volgende plato verander die plantegroei dramaties. Tropiese rankplante slaan in die diep sandgrond hulle arms om jakkalsbessiebome, kierieklapper, waterhoutbessie, geelmelkhout, knoppiesdoring en 'n groot wildevy.

Op die rand van die gelykte, net duskant die laaste skuinste na die water toe, groei die grootste worsboom wat Baas ooit gesien het. Onder die boom staan vier rye verrotte houtbankies op ingeplante paalstellasies.

'n Swartriethaan skarrel vir skuiling tussen die riete deur. In die beskutting van die worsboom slaan Baas die Land Rover se agterklap oop. 'n Swerm kleurvolle papegaaiduiwe skrik uit die wildevyboom weg. Die twee honde spring af en hardloop met kromgetrekte rûe heen en weer tussen die plantegroei deur. Hulle is oorweldig deur die misterie van die omgewing. Lady kom eerste na Baas toe terug.

9.1 Wie is Mark na wie daar in reël 1 verwys word? Gee bewyse uit die verhaal dat hierdie man 'n belangrike rol in Baas se lewe speel. (3)

9.2 Waarna verwys die bougainvillea (reël 1)-motief? Beskryf die progressie wat deur die loop van die roman in hierdie motief/beeld opgemerk word. (3)

9.3 Die kursiefgedrukte woorde in reël 4–5 lei die belangrike godsdiens-tema in die verhaal in. Gee 'n rede waarom hierdie tema aanvanklik vir Baas problematies is. Gee ook TWEE bewyse dat sy koms na Manaka bydra tot konflik oor hierdie tema en sê hoe hierdie konflik uiteindelik opgelos word. (4)

9.4 Benoem die beeldspraak in reël 14. (1)

9.5 Watter soort verteller is in hierdie teks aan die woord? (1)

9.6 Gee redes hoekom Baas in hierdie verhaal as 'n buitestaander bestempel kan word. (3)

EN

TEKS B

Baas laat oom Scholtzie voor hom in die voetpaadjie loop. Iewers van die kamp se kant af hoor hulle ouma Essie lawaai.

"Ek het nog nie met die ander gepraat nie, maar ons sal seker vroemôre 'n diensie hou. Dit sal vir my 'n groot voorreg wees as jy ook wil kom aansit by die tafel van die Here."

Baas antwoord nie.

Oom Scholtzie gaan staan. Hy kyk nie om nie. "Wat sê jy, Baas?"

"Ek moet na die khuta toe gaan."

"Die stamkapteins begin nie vroeg nie. Hulle het vir Grieseltjie ook ontbied."

"Dan sal ek maar daar wees, oom."

"Dankie, Baas." Oom Scholtzie begin weer loop.

Ouma Essie se stortvloed woorde word hewiger. Hulle kry haar onder die wildevyboom waar sy met swaaiende arms en stampende kierie in Sizoli op meneer Chisupo skel. Grace probeer haar van die man af wegdruk. Meneer Johnnie staan op 'n veilige afstand.

Meneer Chisupo staar ouma Essie woordeloos aan. Eindelik lig hy sy hand en wys vir haar vinger. Sy klap sy hand weg en wys vir hom ook vinger. Hy bly staan, hoe sy hom ook al onder die boom uit probeer verwilder. Hy hardloop eers toe Longwane op hom afsluip, haar kop laag, die nekhare orent. Longwane skiet tjankend van pyn verby en keer hom voor, terug na Baas toe. Baas gryp die hond.

"Zwa! Zwa!" skreeu ouma Essie meneer Chisupo agterna, soos 'n mens vir 'n hond skreeu as jy hom wegjaag.

Baas dra Longwane terug afdak toe.

9.7 Waarom sal Lady (Teks A) Baas nader aan die hart lê as Longwane (Teks B)? (1)

9.8 Watter belangrike rol vervul Lady en Brindle onderskeidelik in Baas se lewe? (2)

9.9 Herlees reël 13.

Hoe beskryf Ouma Essie haarself in die roman en waarvan raak haar karakter op dieperliggende vlak verteenwoordigend? (2)

9.10 Benoem die soort konflik in reël 13–16 en gee 'n rede vir dié konflik. (2)

9.11 Wat is die rol van die verteller in reël 21–22? (1)

9.12 Hoe voel die Lozi-mense oor Chisupo en watter fatale daad pleeg hy? (2)

[25]

OF

VRAAG 10: OPSTELVRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Ma Khumalo en Oupa Lewies leef liefde oor die grense heen uit. In teenstelling staan Tommy Lewies en Mevrou Bosman.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

OF

VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS A

Tant Wonnie is na die magistraat se kantoor geneem.

Oh yes, het hy gesê. Please sit.

Hy het die stoel vir haar uitgetrek. Toe het hy agter sy lessenaar gaan sit en ’n trousertifikaat-boek uitgehaal. Maiden name? het hy gevra.

Yvonne Schmidt.

Born?

Rehoboth.

Date?

Onbekend.

Husband?

Heinrich Müller.

Born?

Windhoek.

Date?

Onbekend.

Hy het die sertifikaat onderteken – *Steven Collins, Magistrate* – en dit gestempel. Tant Wonnie het haar kruisie getrek.

Veels geluk, het hy geglimlag, Mevrou Müller – en sy hand vir haar uitgehou. Nadat hy haar die vel papier gegee het, het hy na haar gekyk om te sien of daar regtig ’n traan was. En daar was dit weer, net die een druppel.

Sy het haar kop laat sak sodat die traan nie oor haar wang moet rol nie. So very feminine, het hy gedink. Hy het haar hand opgetel en dit gesoen.

Die aanklaer wat by die deur gewag het, het gesê: Diékant toe, Antie. Sal ek voor loop?

Asseblief, het Tant Wonnie gesê.

In sy kantoor het hy gesê: Sit asseblief – en na die stoel gewys. Uit die laai van sy lessenaar het hy ’n “good for”-boek gehaal en geskryf: *One only ladies dress, One only pair of ladies shoes* en die blaadjie uitgeskeur. Op die volgende bladsy het hy geskryf: *10/-worth of groceries*. Toe sê hy: Ek het klaar die domanie se vrou opgebel. Sy sal enige oomblik hier wees.

Toe haal hy drie halfkrone uit die kissie gemerk *Patty Cash*.

11.1 Waarom is Tant Wonnie in die magistraatskantoor? (1)

11.2 Benoem die soort verteller in reël 1 en noem watter rol die verteller in hierdie reël vervul. (2)

11.3 In reël 11 word na Tant Wonnie se man verwys. Noem sy herkoms, beroep, en karaktereienskappe soos dit in die verhaal na vore kom. (4)

11.4 Reël 17 raak 'n belangrike sosiale kwessie in hierdie verhaal aan. Noem die kwessie en gee voorbeelde elders in die verhaal waar hierdie kwessie duidelik na vore kom. (3)

11.5 Herlees reël 18–19.
Watter karaktertrek van die magistraat kom hier na vore? Is die magistraat se optrede anders as die soort behandeling waaraan Tant Wonnie gewoond is? Motiveer jou antwoord. (2)

11.6 Verklaar wat die "good for"-boek is waarna in reël 27 verwys word. (1)

11.7 In reël 29–30 lees ons die dominee se vrou is op pad. Noem die bydraes wat sy tot die intrige in die gedeelte net ná hierdie teks lewer. (2)

EN

TEKS B

1	Die mense het gesê Tant Wonnie het nooit gesterf nie. Sy het net bed toe
2	gegaan en haar aardse slaap en liggaam vir ons agtergelos. Sy is nou in die
3	Liefde wat die mens se verstand te bowe gaan.
4	By die roudiens het Domanie Frans Kiewiet gesê: Tant Wonnie het gesterf
5	soos net dié sterf wat hulle se tyd op aarde gebruik het sonder om dit te
6	mors. Haar einde het sonder 'n siekbed gekom. Sy het 'n vol lewe gehad.
7	Onse Tante het haar Here geken.
8	Toe hulle na die begrafnis met die paaitjie terugstap huis toe, met die
9	baba wat oor Suzan se skouer kyk na Kenny wat agter loop, sê Heinrich sy
10	eerste woorde: Ma-Ma, Pa-Pa. Ma-Ma, Pa-Pa – asof niks gebeur het nie.
11	Voordat hulle by die huis in is, kyk klein Heinrich nog 'n keer glimlaggend oor
12	Suzan se skouer na Kenny en sê: Pa-Pa. Toe pluk hy aan Suzan se vlegsel
13	en lag en sê: Ma-Ma. Kenny het hom gevat en op die grond neergesit en toe
14	sy arms om Suzan geslaan, wat dieselfde gedoen het sonder dat sy dit besef
15	het.
16	Kenny kyk in haar gesig asof hy haar vir die eerste keer rêrig sien.
17	Haar rustige, gedagtelose oë laat sy hart vinniger klop. Sy maak haar mond
18	oop en hy soen die oop mond. 'n Elektriese kontak wat hulle harte verseël het
19	op 'n manier wat 'n aardse trouseremonie nooit kon doen nie. Die maagd en
20	die man het stil gebly staan. Die tyd het weggeraak.

11.8 Wat is die oorheersende stemming in reël 1–7? (1)

11.9 Watter ooreenkoms is daar tussen die karakters se houding jeens Tant Wonnie in Teks A en Teks B? (1)

Kopiereg voorbehou

11.10 Watter karaktereienskappe van Tant Wonnie lei jy af uit die woorde in reël 6–7? (2)

11.11 Watter mylpaal in Heinrich se kort lewe word in hierdie gedeelte aangeraak en hoe dra dit tot Suzan en Kenny se optrede en karakteropenbaring by? (3)

11.12 In hierdie teks lees ons oor die verlies van Tant Wonnie. Sy is egter die karakter in die roman wat die meeste verliese gely het. Motiveer waarom jy met hierdie stelling saamstem deur na voorbeelde in roman te verwys. (3)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 12: OPSTELVRAAG

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Dit is nodig vir karakters in 'n drama om te verander en as mens te groei, ten einde die intrige interessant te hou.

Evalueer hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur die verandering wat in Antie Grootmeisie, Cavernelis en Cyril en Richie se karakters plaasgevind het – al dan nie – te ondersoek. **[25]**

OF

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS A

1	CYRIL:	*(sagter)* So 'n ...
2 3	RICHIE:	Ja, sil sweer sy ma het geboorte gegee aan hom in 'n rooi track suit!
4		*La Guma is nou by hulle*.
5	LA GUMA:	Hey, Richie! Cyril! Hoe gaan 'it? ... Julle all right?
6	RICHIE:	*(teësinnig)* Ja ...
7	CYRIL:	*(onvriendelik)* 'Is okay, man!
8 9 10	LA GUMA:	Ek wil ... nou nie criticise nie, maar ... Kerrim ... julle speel so baie kerrim ... What a waste ... I mean, of time ... and talent ...
11	TOMMY:	*(selfs hy vererg hom)* Man, mind jou eie biesagheit!
12 13 14	LA GUMA:	Nei, ek mien maar maar ... Julle wiet, world events are overtaking us ... and events here in South Africa ... en, hél, julle speel kerrim ...
15 16 17	CYRIL:	So, world events are like overtaking us? Omlat ons kerrim speel? Man, ek sê vi' jou, kerrim sal nog al die blêdie world events overtake, waarvan jy praat!
18	RICHIE:	Ja, mind your own business, man ...

19 20	LA GUMA:	... Ek sê weer ... speel kerrim ... while julle julle moet prepare ...
21	RICHIE:	*(rol sy oë)* ... For de coming of de Lord! – seker ...
22 23	CYRIL:	Nei, man, for de revolution, like! Revolution moet Jan Tysbly se karrentjie!
24	TOMMY:	*(op sy manier)* Kerrim is king, mister La Guma!
25	CYRIL EN RICHIE:	Cheers! Sê vir hom, Tommy!
26 27	LA GUMA:	Dis die trouble moet julle ... so-called coloureds ... Julle maak jokes oor die situation ... instead of ...
28 29	CYRIL:	Daar gáát hy weer oor die situation ... en oor die so-called coloureds!

13.1 Hoekom kan ons sê La Guma is in hierdie drama 'n amperse voorbeeld van 'n karikatuur? Watter kenmerke omtrent sy karakter dra hiertoe by? (3)

13.2 Watter karaktereienskap van Richie, afgesien van sy sarkasme en negatiwiteit, kom in reël 2–3 na vore? (1)

13.3 Wat lei ons omtrent Richie en Cyril se houding jeens La Guma in reël 8–9 af? (1)

13.4 Verduidelik wat die kerrim is waarna in reël 8 verwys word en waarvan raak dit simbolies in hierdie drama? Gee ook 'n rede waarom hierdie woord karakteropenbarend kan wees van die twee leeglêers as jy die woord in konteks van *bemoei* gebruik. (3)

13.5 Verklaar die gebruik van die ellips in reël 9. (1)

13.6 Wat word die gedeelte tussen hakies in reël 11 in 'n drama genoem? Wat sê dié woorde omtrent Tommy se karakter? (2)

13.7 Na watter gebeure in Suid-Afrika verwys La Guma in reël 13? Hoe sluit hiérdie gebeure asook die implikasie van die woorde in reël 22–23 én die woorde in reël 26–27 by die hooftema van die drama aan? (4)

EN

TEKS B

1 2 3		*Die lig verander. Doof uit. Doof in: Blanchie en Map. Blanchie totaal verward en huilend. Op 'n afstand van mekaar.*
4 5	BLANCHIE:	*(bewend)* Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! *(Sy skreeu.)*
6	MAP:	*(staar)* Blanchie ...
7	BLANCHIE:	Johnnie! Dis Daddy!!
8 9	MAP:	*(Probeer haar kalmeer)* Hê, Blanchie ... Lyster nou eers ... Blanchie ...
10 11 12	BLANCHIE:	*(snik, praat dan)* Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ...Toe ... loop hy net ... weg ... net ... loop hy net ...
13 14		*Map sit sy arm om haar, maar asof dit 'n elektriese skok is, ruk sy haar weg.*
15	BLANCHIE:	Nee!
16	MAP:	Okay ... okay ...
17	BLANCHIE:	*(van haar wysie af)*: Nie okay nie ... Shuddup!! Dis Daddy!!
18	MAP:	*(skreeu nou)* Blanchie! Sal jy stilbly! *(Hy gryp haar vas.)*
19	BLANCHIE:	Dis Daddy! *(Sy worstel in Map se greep.)* Los my!
20 21	MAP:	*(hard met haar)* Sal jy ... sal jy stilbly! ... *(Dan sagter.)* Blanchie ... Blanchie ... *(Sy verslap in sy arms.)* Blanchie ...
22	BLANCHIE:	Johnnie ...
23 24	MAP:	Daar's ... niks wat ons kan doen nie ... Blanchie ... Dit ... moet nou ... so gebeur ...
25 26	BLANCHIE:	Daddy ... Ek weet ... ek ... *(Dan skielik hard.)* Johnnie ... Wat het ... met ons gebeur ... Wat ... Ek ... is so ... sleg ...
27	MAP:	*(sit sy hand op haar mond)* Nee! ... Jy's ... goed ...
28	BLANCHIE:	Jy lieg ... Jy ... lieg, Johnnie ... lieg, lieg, lieg!!!

Kopiereg voorbehou

13.8 Watter ooreenkomste toon Teks 1 en Teks 2 ten opsigte van die algehele atmosfeer wat heers? (2)

13.9 Hoekom noem Blanchie Map in hierdie teks Johnnie? Doen Blanchie die betekenis van haar naam in hierdie uittreksel gestand? Motiveer jou antwoord. (2)

13.10 Verduidelik Blanchie se optrede/houding in reël 21 en motiveer die geregverdigheid daarvan. (2)

13.11 Verklaar die rol van die verteller in reël 23–24. (1)

13.12 Lewer kritiese kommentaar op Blanchie se bekentenis in reël 26 deur te noem wat met hulle albei gebeur het. Dink jy dit wat met hulle gebeur het, is genoeg rede om te sê hulle albei is sleg? Motiveer jou antwoord. (3)

[25]

OF

VRAAG 14: OPSTELVRAAG

MIS – Reza de Wet

Transformasie laat die leser/kyker toe om karakters se ware kleure te sien.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400-450 woorde deur die transformasie wat in Konstabel, Gertie en Meisie plaasgevind het, te beskryf en te verduidelik watter dieperliggende bydrae hierdie transformasie tot die intrige van die drama lewer. **[25]**

OF

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

MIS – Reza de Wet

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS A

1		*Die KONSTABEL staan op. MEISIE neem sy arm en lei*
2		*hom na die emmer. Sy sit sy hand op die handvatsel.*
3	MIEM:	Dit is gaaf van u, Konstabel.
4		*MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer*
5		*na die agterdeur. Van die inhoud spat uit.*
6	MIEM:	Meisie, sê vir die konstabel van die drie trappe op na die
7		kleinhuisie.
8	MEISIE:	Ja, Ma. *(Maak die deur oop)*
9		*Die sirkusmusiek kan gehoor word. MEISIE en die*
10		*KONSTABEL na buite.*
11	MIEM:	*(trap versigtig oor die spatsel, gaan staan by die deur en*
12		*kyk agterna*) En moenie op die flappe trap nie. Hulle word
13		vanjaar so mooi. *(Sag aan GERTIE)* Die tweetjies kom
14		nogal goed klaar.
15		*GERTIE gaan sit op die stoel langs die stoof.*
16	MIEM:	Dit is baie koud. Vannag kan dit nog ryp. *(kort stilte)* Die
17		aaklige musiek! As ek net dink ... *(gril)* glo towenaars en
18		halfkaal mense wat aan toue swaai.
19	GERTIE:	En die spul was nog vanmôre deur die strate ook.
20	MIEM:	En het jy gekyk?
21	GERTIE:	Wat anders kon ek doen? En wou net die straat oorsteek
22		toe kom hulle verby.
23	MIEM:	Dit was seker ’n spektakel!
24	GERTIE:	Daar was perde met pluime en vrouens met baie min klere
25		aan op die perde. Daar was narre wat hard op vals
26		trompette gespeel het en ’n klein dwergie met ’n wit gesig
		...
27	MIEM:	
28		Hou tog op. Ek wil nie verder hoor nie. *(Sy sug en skud haar kop. Sy kyk weer uit. Stilte.)*
29	GERTIE:	
		Waar bly hulle?

15.1 Gee ’n rede vir Meisie se handeling in reël 1–2. (1)

15.2 Noem in hoe ’n mate die slopemmer in die drama relevant is. (1)

15.3 Is Miem se woorde in reël 3 gepas? Motiveer jou antwoord. (2)

15.4 Herlees reël 6–7.

Gee redes hoekom Meisie nie in hierdie drama op haar doopnaam aangespreek word nie. (2)

15.5 Noem kortliks die aanvanklike rol wat sirkusmusiek (reël 9) in die intrige van die drama speel. Noem ook watter simboliese waarde die sirkusmusiek aan die einde van die drama verkry. Motiveer waarom die gebruik van dié soort musiek gepas is om by die fantasie-motief in hierdie drama aan te sluit. (3)

15.6 Watter DRIE karaktertrekke van Miem kom in reël 12–14 na vore? Noem ook die karaktertrek van Meisie wat in reël 8 duidelik blyk. (4)

15.7 Verklaar die betekenis van *spektakel* in reël 23. (1)

15.8 Haal ’n woord tussen reël 24–28 aan wat met die konstabel verband hou. (1)

EN

TEKS B

1 2 3 4 5 6	GERTIE:	*(maak keel skoon. Stilte.)* Die kerkklokke het darem nog nie gelui nie. Dit beteken dat daar niks gebeur het nie. Ek is seker almal sal môre verlig wees as die onheil afgewend is. En dit sou alles te wyte wees aan al die gewillige en dapper geregsdienaars. *(Giggellaggies)* Soos u. *(kort stilte)* Wat van 'n koppie koffie, Konstabel?
7	KONSTABEL:	Nee, baie dankie. Ek het heeltemal genoeg gehad.
8	GERTIE:	Iets om te eet?
9	KONSTABEL:	Nee, dankie, Juffrou.
10		*Kort stilte.*
11	GERTIE:	Konstabel, ek wil graag iets vra. Ek hoop nie u gee om nie.
12	KONSTABEL:	Vra maar gerus, Juffrou.
13	GERTIE:	As dit te ... persoonlik is, sal ek heeltemal verstaan.
14	KONSTABEL:	Wat is dit wat u wil weet?
15 16	GERTIE:	Wel ... u het gesê alle dames lyk vir u dieselfde sedert u ... ongeluk. Óf na u ma óf na u tante.
17	KONSTABEL:	Tant Hannie.
18 19	GERTIE:	Dis reg, ja. *(Maak keel skoon)* Nou wat ek graag wil weet, is ... na wie ek lyk.
20	KONSTABEL:	Tant Hannie. Sonder twyfel.
21 22	GERTIE:	En hoe maak u nou weer u keuse? Ek bedoel tussen u moeder en tant Hannie, as ek haar so mag noem?
23 24	KONSTABEL:	Sekerlik, Juffrou. Dit is die stem. Dit hang alles van die stem af.
25 26	GERTIE:	Werklik? Hoe interessant. *(kort stilte)* Sal u my asseblief tog so ietsie van hierdie tant Hannie vertel?
27 28	KONSTABEL:	Sy was veral bekend vir haar hare. Lang, goue, golwende hare.
29 30	GERTIE:	*(raak aan haar yl haartjies)* Merkwaardig! Dit is presies hoe my hare lyk!

Kopiereg voorbehou

15.9 Herlees reël 3.

Wat is die presiese datum waarop die gesprek in hierdie teks afspeel en hoekom sal die mense moontlik die volgende dag verlig wees? (2)

15.10 Gee funksies van die toneelaanwysings in reël 5. (2)

15.11 Wie is Gertie? Noem 'n karaktertrek van Gertie wat deur middel van die dialoog in hierdie reëls na vore kom en sê hoe haar algehele optrede in Teks B van haar optrede in Teks A verskil. (3)

15.12 Hoe manipuleer Konstabel vir Gertie in die gedeelte net na hierdie teks? Gee TWEE redes hoekom hierdie manipulasie deur Konstabel binne konteks van die drama onaanvaarbaar is. (3)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou